
# Direkte en indirekte rede



Naam:



Direkte rede is iemand se eie woorde. Wanneer ons in direkte rede skryf, moet ons ŉ paar dinge onthou:

1. Aanhalingstekens
2. Dubbelpunt
3. Leestekens

**Voorbeelde:**

Omkring die aanhalingstekens, dubbelpunte en leestekens in die sinne.

1. "Jy het nou genoeg as in die lug gegooi," sê die dogtertjie se ma.
2. Juffrou sê: "Vandag se les gaan oor die Melkweg."



Indirekte rede is wanneer jy weer oorvertel wat jou maat gesê het. Wanneer ons in indirekte rede skryf, moet ons ŉ paar dinge onthou:

1. Ons raak ontslae van die aanhalingstekens
2. Ons raak ontslae van die dubbelpunt
3. Ons gebruik die woordjie "dat"
4. Leestekens
5. Voornaamwoorde verander

© e-classroom

**Voorbeelde:**

Omkring die leestekens, die woord "dat" en die voornaamwoorde wat verander het.

1. Die dogtertjie se ma sê dat sy nou genoeg as in die lug gegooi het.
2. Juffrou sê dat vandag se les oor die Melkweg gaan.



**Voltooi die aktiwiteite**

Vul die ontbrekende dubbelpunte, aanhalingstekens en leestekens in:

1. Die dogtertjie sê opgewonde Kyk hoe mooi lyk die sterre vanaand
2. Frederik Flap kras Moenie nader staan nie
3. Hoekom gooi jy die as in die lug op vra die ou man
4. Ons kom vanmiddag terug sê tannie Bea
5. Dit is vreemd dat jy van spek hou sê Frederik Flap



**Skryf die volgende sinne in die indirekte rede oor:**

1. Mamma sê: "Ons gaan nou huis toe."

________________________________________

________________________________________

2. "Ons gaan môre vroeg strand toe," sê Pappa.

________________________________________

________________________________________

© e-classroom

# Memorandum

Vul die ontbrekende dubbelpunte, aanhalingstekens en leestekens in:

1. Die dogtertjie sê opgewonde: "Kyk hoe mooi lyk die sterre vanaand. / !"
2. Frederik Flap kras: "Moenie nader staan nie!"
3. "Hoekom gooi jy die as in die lug op?" vra die ou man.
4. "Ons kom vanmiddag terug," sê tannie Bea.
5. "Dit is vreemd dat jy van spek hou," sê Frederik Flap.

**Skryf die volgende sinne in die indirekte rede oor:**

1. Mamma sê: "Ons gaan nou huis toe."

   ***Mamma sê dat ons nou huis toe gaan.***
2. "Ons gaan môre vroeg strand toe," sê Pappa.

   ***Pappa sê dat ons môre vroeg strand toe gaan.***